

# Mediaverklaring

---

## Inenting-chaos veroorsaak groter agterstande

2021/06/28

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) wil hom ten sterkste uitspreek teen die ongeorganiseerdheid rondom die inentingsveldtog om sowat 'n halfmiljoen werkers in die onderwyssektor in te ent. Skole word deur die Departement van Onderwys (DBO) aangemoedig om by die skedule vir inentings te hou, maar verskeie is met hul aankoms by inentingsentra weggewys omdat geen entstowwe beskikbaar is nie. Privaat skole en personeel wat nie oor Persalnommers beskik nie, is ook na bewering die afgelope week weggewys.

“Ons het 'n klomp klagtes ontvang oor die wankommunikasie wat tans heers tussen die DBO en skole. Sommige skole sluit vir die dag waartydens hulle onderwysers ingeënt word en ander skole is deur die departement verbied om te sluit – dit plaas verder druk op skole, leerders en onderwysers. Skole doen baie moeite en gee noodsaaklike skooldae prys net om by die hek weggewys te word. Dit is onaanvaarbaar,” sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die SOS.

Volgens Minister Angie Motshekga is daar geen krisis nie en sal die inentingprogram teen 8 Julie afgehandel wees. Meer as 200 000 onderwysers landwyd het reeds 'n inenting ontvang. Sy het verder gesê die regering sal aanhou om besendings entstof aan die onderwyssektor beskikbaar te stel totdat alle onderwysers ingeënt is en dat probleme met die betrokke skole hanteer word.

Buys sê verder: “Dit sal verblydend wees as hierdie beloftes gehou word, maar intussen word die druk op onderwysers en leerders net groter om agterstande in te haal. Dit is moontlik vir duisende leerders te laat.”

Motshekga het ook vandag tydens die mediakonferensie bevestig dat skole vanaf Woensdag vir die kwartaal sluit. Staatskole sou na afloop van die wintervakansie op 26 Julie heropen het, maar sal nou vroeër op 19 Julie heropen.

*Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende verenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, asook Die Wolkskool wat 'n volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.*

Vir alle medianavrae:



**Sarina Prinsloo**

Skakelbeampte

 012 612 0234

 072 123 1707

 sarina@skole.co.za

 Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

[skole.co.za](http://skole.co.za)



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

[www.skole.co.za](http://www.skole.co.za)

